# CALVYN OOR NATUURRAMPE

P.C. Potgieter[1]

## ABSTRACT

Severe natural disasters such as the tsunami off Indonesia in 2004 often lead to a demand for theological enlightenment. This article explores how John Calvin's reasoning in this regard could be a relevant contribution towards deeper insight in the extremely difficult issue of a theodicy. Contrary to a popular idea that Calvin adopted an extremely harsh line on providence according to which God becomes responsible for every kind of disaster, it is argued that he maintains a fine balance between the loving grace of our heavenly Father and his righteous judgment over mankind who undermined his intended order of nature by sin. Therefore the faithful should respect both God's revelation in this regard as we find it in Scripture, and his hidden plan which we will not be able to fathom in this life. Thus they should be pastorally guided to humble patience and perseverance in sincere hope on God's unquestionable faithfulness.

Telkens wanneer 'n natuurramp een of ander gebied tref, word daar na die kerk en meer bepaald na teoloë gekyk om 'n bevrydende woord te spreek. En aan pogings om dit te doen, het dit deur die loop van die eeue ook nie ontbreek nie. Die teodisee-vraagstuk het van tyd tot tyd sterk onder die soeklig gekom. Finale en bevredigende antwoorde bly ons egter steeds ontwyk — soos dit ook die geval was in Bybelse tye. Maar al is dit so dat die kwessie nooit ten volle bevredigend opgelos sal word nie, kan elke goeie teologiese argument hieroor tog 'n bydrae tot beter insig wees.

Die tsunami wat aan die einde van 2004 van Indonesië af uitgekring het en talle lewens geëis en verwoesting gesaai het, het weer eens by baie mense ernstige vrae opgeroep oor God se regering en sy voorsienigheid. Was dit maar doodgewoon 'n toevallige natuurramp as noodwendige gevolg van geologiese toestande sonder enige metafisiese konnotasies? Of pas dit tog in by die Godsregering van die wêreld? En kan dit gesien word as 'n "teken van die tye" (Mat. 24:7; Luk. 21:11) waardeur mense herinner word aan hulle verantwoordelikheid voor God? Is daar enigsins

1 Prof. Pieter C. Potgieter, Navorsingsgenoot, Departement Dogmatologie, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein. e-pos: pcpotgieter@telkomsa net.

’n verklaring vir die lyding wat die noodwendige gevolg van dié ramp was?

Die omvang van die tsunami se vernietiging was so geweldig dat dit vir lank wêreldwyd die onderwerp van bespreking was. Maar natuurrampe van ’n meer lokale aard kom deurlopend voor en roep dan minstens in die onmiddellike omgewing ook weer dergelike vrae op. In die geskiedenis van die mensdom was dit, trouens, nooit anders nie. Daarom spreek dit feitlik vanself dat Johannes Calvyn dit as sy verantwoordelikheid gesien het om ter wille van sy tydgenote in die sestiende eeu ook by die lig van die Heilige Skrif ’n siening hieroor te ontwikkel. Hy gee dus nie net in sy *Institusie van die Christelike geloof* nie, maar ook in sy preke, kommentare, traktate en korrespondensie heelwat aandag aan die voorsienigheid van God met betrekking tot allerlei vorme van rampspoed in die natuur wat mense tref. Van sy beskouing kan ook met die oog op vrae wat tans aktueel in die teologiese gesprek is, deeglik kennis geneem word.

## 1. IN DIE BREËR KONTEKS VAN DIE VOORSIENIGHEIDSLEER

Die bestudering van Calvyn se skriftelike nalatenskap sal die navorser telkens onder die indruk bring van sy groot ontsag vir die voorsienigheid van God. Die mens moet weet dat hy die diepte van God se handelinge nooit kan deurgrond nie. Die gedagtes van God waarin sy voorsienigheid setel, is enersyds nie net ontoeganklik en verborge (*arcanus*) vir menslike denke nie (Vgl. Potgieter 2002:102vv.) maar ook die aandrywende faktor in die geskiedenis (Saxer 1980:22).

Saxer (1980:22) wys treffend daarop dat die voorsieningsleer nie in die eerste plek vir Calvyn ’n leerstellige saak is nie. Dit is veel eerder ’n bepaalde grondmotief waardeur die eer van God as uiteindelike doel van alles wat in die lewe van dag tot dag gebeur, aangedui word.

Vir Calvyn was dit ’n uitgemaakte saak dat die bestiering van God in sy voorsienigheid ’n aktiewe en deurlopende gebeure is. Sy almag is nie geleë in die beginsel van ’n rigtinglose beweging (*principium confusi motus*) nie; dit is ’n almag wat afsonderlike en bepaalde bewegings

as oogmerk het (*intenta sit*).[2] Daarom kan hy ook sê dat gelowiges hulle in teenspoed (*in rebus adversis*) daarmee vertroos

> dat hulle geen lyding ondergaan nie behalwe as God dit verorden en beveel[3] omdat hulle onder sy hand is (Inst. 1,16,3; OS, 190).

Hierdie siening van Calvyn het meermale ernstige kritiek ontlok. Alhoewel König nie pertinent aandag gee aan Calvyn se siening oor natuurrampe nie, laat hy hom breedvoerig uit oor die hervormer se voorsienigheidsleer in die algemeen: hy sien dit as "een groot apologie vir die albeskikking van God."

> Daarmee wil hy (Calvyn) beklemtoon dat God *alles* vooraf bepaal het, dat *niks* sonder sy beskikking gebeur nie, en dat Hy in *geen* opsig sy voorafbepaalde plan verander nie (König 2001:192).[3]

Hierdie benadering sien König klaarblyklik as besonder onbevredigend, en een waarvan die noodwendige konsekwensie is dat God Outeur van die kwaad moet wees. In verband met die kwaad as verskynsel doen König gevolglik aan die hand dat God die kwaad volgens Calvyn vooraf beskik het omdat Hy deur die kwaad 'n goeie doel wil bereik (König 2001:193). Daar sal egter aangetoon word dat so 'n siening nie reg laat geskied aan die oortuiging van die Geneefse hervormer nie.

Dit is duidelik dat die rampspoed wat mense van tyd tot tyd tref — hetsy by wyse van siekte, verlies of ook deur natuurrampe — Calvyn aan die hart gegryp het. Hy verwys in verskeie van sy leerstellige en meer populêre geskrifte na sulke gebeurtenisse buite die mens se beheer. Daarom wil hy gelowiges ook in die lig van die Heilige Skrif begelei op die soms moeilike weg van die aanvaarding van God se voorsienigheidshandelinge. Sy pastorale empatie blyk, trouens, onder meer uit die wyse waarop hy herhaaldelik in sy briewe uitreik na mense wat deur een of ander ramp getref is (Potgieter 1991:85). Hy het meermale gepoog om sulke gebeure vanuit sy geloof in die voorsienigheid van God te verduidelik en selfs te regverdig.

2 'n Vryer vertaling soos hier aan die hand gedoen, laat m.i. meer reg geskied aan Calvyn se intensie as wat die geval is met die tradisionele en meer letterlike weergawes van Simpson en Battles.

3 *Nihil se perpeti nisi Dei ordinatione et mandato* (OS III, 190).

Aan die ander kant is dit egter ook weer ongetwyfeld so dat die voorsienigheidsleer vir hom nie soseer ’n saak van verduideliking was nie, maar eerder een van belydenis. Na aanleiding van rampspoedige gebeure in Genève, skryf hy op 1 Oktober 1538 aan die kerk daar dat hulle moet weet dat sulke dinge nie buite die voorsienigheid van God plaasgevind het nie (CO 10,251). Die voorsienigheidsleer vra derhalwe eerder belydenis as begrip. Toegang daartoe lê op ’n geloofsvlak, eerder as op rasionele insigte (vgl. Reuter 1963:171). Calvyn se hele teologie berus inderwaarheid op ’n diep oortuiging in die hart en geloof in God se omvattende heerskappy oor die volle omvang van sy skepping (Potgieter 2002:102)

Omdat Calvyn nie soek na ’n verklaring van God se voorsienigheid nie, bely hy met oorgawe God se alles-omvattende greep op die geskape werklikheid. Dit is ongetwyfeld so dat hy tradisioneel dink oor enige rampspoed wat op die mens se pad mag kom. Al ontkom die gelowige ook nie daaraan nie, kan hy dit binne ’n wyer Bybelse en Christologiese konteks aanvaar; die lyding van Christus is trouens die grondliggende werklikheid van gelowige en gehoorsame bestaan (Schreiner 1994:95).

Dit is duidelik dat die gemeente in Genève soms moeite gehad het om die voorsienigheid van God met sy regverdigheid in verband te bring. Veral met sy preke uit die boek Job het Calvyn vir hulle probeer aantoon dat hulle maar net kon erken en bely dat hulle die geregtigheid van God nou nog nie kan sien nie, maar dat hulle eendag die voorsienigheid van God sal sien soos dit werklik is (vgl. Schreiner 1986:175v).

> As jy oplet, sal jy maklik opmerk (*facile perspicies*) dat dit die toppunt van alle ellende is om nie die voorsienigheid van God te ken nie, maar dat daar die hoogste geluk in die kennis daarvan aanwesig is (Institusie 1.17.11 vert. van Simpson; OS III, 216).

## 2. GEEN TOEVAL OF ASTROLOGIE

Calvyn stel dit uitdruklik dat hy hom ten opsigte van die voorsienigheid van God net deur die Heilige Skrif wil laat lei. Daarom ook

> moet ons weet dat die voorsienigheid van God soos dit in die Skrif geleer word (*qualis traditur in Scriptura*), teenoor die noodlot en toevallige gebeure gestel word (Inst 1.16.2; OS III, 188).[4]

4 Vergelyk ook Parker 1995:43: “[F]rom the outset it becomes clear that Calvin’s concept of Providence is to be drawn from Scripture.”

Hy stel dit ook pertinent in die inleiding tot sy kommentaar op Psalm 107 dat die Bybel duidelik genoeg leer dat wat met die mens gebeur, nie bepaal word deur 'n wispelturige en onsekere noodlot nie, maar dat ons die oordele van God moet waarneem in die verskillende wederwaardighede (*in variis agitationibus*) wat in die wêreld voorkom, en waarvan mense soms dink dat dit per toeval gebeur. Gevolglik moet teëspoed en al die kwaad wat die mens moet verduur — skipbreuk, hongersnood, ballingskap en oorlogsrampe — gesien word as soveel tekens van God se ontevredenheid waardeur Hy hulle as gevolg van hulle sonde voor sy regterstoel daag (Komm. Ps. 107 Inleiding; CO 32,135).

Farley som dit goed op wanneer hy sê dat Calvyn die meganiese en naturalistiese siening oor die natuur radikaal verwerp, as sou dit vanself ontvou volgens sy eie universele wette. God waak self oor alle oorsaak en gevolg-interaksies; Hy is kragdadig ("efficaciously") en energiek werksaam daarin en bly in beheer daarvan.

> To allow nature or man to be governed by universal laws offends Calvin's understanding of God's personal involvement in history and individual lives as depicted in Scripture (Farley 1988:151).

Die albestier van God in die geheel van die kosmos is 'n beginsel wat Calvyn konsekwent handhaaf. Daarom sê hy onomwonde dat

> die voorsienigheid van God soos dit in die Skrif geleer word, teenoor die noodlot en toevallige gebeure gestel word[5] (Inst. 1.16.2).
>
> What Calvin spells out so clearly for all to see is that it is not necessity or determination but divine guidance that lies at the heart of a biblical and Reformed understanding of God's providential overruling (Farley 1988:156).

Hieroor moet daar by die gelowige geen twyfel wees nie. Onder geen omstandighede moet gedink word dat rampe toevallig op ons pad kom nie.

> Die reël van godsvrug is daarenteen dat God se hand alleen die (mens se) lot lei en regeer en dat die lot nie self met 'n ondeurdagte stormloop aanstorm nie maar dat God se hand met die ordelikste geregtigheid goed sowel as kwaad vir ons beskik (*bona simul ac mala dispensare*, Inst. 3.7.10; OS IV, 161)

5 ... *providentiam Dei, qualis traditure in Scriptura, fortunae et casibus fortuitis opponi*, OS III, 188.

Calvyn laat hom ook skerp uit oor rasionalistiese en bygelowige pogings tot verklaring van natuurgebeure. Klaarblyklik was daar in die destydse samelewing ook diegene wat 'n sterk geloof in die astrologie gehad het. Calvyn wys dié soort benadering radikaal af, soos byvoorbeeld in sy kommentaar op Jeremia 10:1, 2. Met verwysing na slegte landboutoestande as gevolg van onbestendigheid in die klimaat sê hy dat God tog nie sy mag aan die sterre prysgegee het nie, maar dat Hy die wêreld volgens sy wil regeer op 'n manier wat ingrypend verskil van wat selfs die knapste mens uit die sterre kan voorspel (Komm. Jer. 10:1.2; CO 38,57).

## 3. GOD VOER GESAG OOR DIE NATUUR

In ooreenstemming met sy leer oor die algemene openbaring meen Calvyn dat daar tog in elke mens van nature iets deurskemer van hoe God volledig gesag voer oor die ganse kosmos. Daarom sê hy ook dat daar maar net een manier is waarop 'n Christen oor hierdie dinge moet dink. Dit is tog

> in ons harte ingeprent dat niks sal gebeur wat God nie voorsien het nie. In hierdie sin word die woord lot (*eventus*) in Prediker herhaal. Die rede is dat die mens nie met sy eerste ondersoek daarvan kan deurdring tot die eerste oorsaak (*primo intuitu non penetrant homines ad primam causam*, OS III, 200), wat ver verborge is nie (*procul abscondita est*, OS III, 200). En tog was die openbaring van die Skrif in verband met die verborge voorsienigheid van God nooit so in die harte van mense uitgewis dat daar tog nie iets van 'n vonkie in die duisternis geglinster het nie (Inst. 1.16.9).

Met verwysing na die navorsing van Stauffer[6] stel Van Genderen dat Calvyn versigtig is met die gebruik van die begrip *toelating* van gebeure in die Institusie, maar dat hy dit klaarblyklik met groter vrymoedigheid in sy preke gebruik. Maar dan moet dit ook duidelik wees: "Het is een bewust en geen passief toelaten" (Van Genderen 1992:289). Calvyn wou rampe en ellende dus beslis nie maar toeskryf aan die blote toelating van God nie; dit het ook êrens 'n plek in sy wil, maar dan op 'n manier wat vir ons verborge bly (Inst. I.18.1).

6 Vergelyk R. Stauffer (1978):276v.

God is op ’n aktiewe en deurlopende wyse werksaam in die geskiedenis van die wêreld; vir Calvyn is die gedagte van blote *toelating* van gebeure by God geheel en al onhoudbaar (Inst. 1.18.1). Hy verwerp ook elke idee van ’n deïstiese benadering, net asof Hy alle dinge sou toelaat om met ’n vrye loop volgens die ewige wet van die natuur te verloop. Niks sou ellendiger as die mens gewees het as hy “aan elke beweging (*motus*) van die hemel, die lug, die aarde en water (*sic*!) blootgestel sou wees nie” (Inst. 1.16.3; OS III, 191).

Hy toon, trouens, met voorbeelde aan hoe onhoudbaar so ’n siening sou wees. Indien ons sou toegee dat God net alles in beweging gestel het,[7] maar dat alles dan spontaan of toevallig sou voortgaan in die rigting wat eie is aan hulle natuur

> dan sou die wisseling van dag en nag, van winter en van somer God se werk wees ... maar dat onmatige hitte gepaard met droogte soms al die oeste verskroei en dat by ander geleenthede weer ontydige reën die oes bederf en dat daar onverwagte rampe as gevolg van hael en donderstorms voorval — dit sal nie God se werk wees nie … so word daar geen plek gelaat vir God se vaderlike guns of sy oordele nie (Inst. 1.16.5; OS III, 195).

God gebruik inderdaad soms die kragte van die natuur om sy wil te doen, soos byvoorbeeld die oostewind om sprinkane as plaag oor Egipte te bring. Calvyn sê: *impulsu venti orientalis divinatus sunt adductae* — op ’n Goddelike wyse is hulle deur die krag van die oostewind aangebring (OC 24,124). In sy bestiering van die kosmos kan Hy dus natuurkragte gebruik as middele om sy doel te bereik. Hy kan egter ook heeltemal sonder die gebruik van middele (*nunc sine mediis*) of selfs op ’n wyse wat in teenstelling tot natuurlike middele staan (*nunc contra omnia media*, OS III, 202) optree.

Calvyn verwys soms nogal na spesifieke natuurgebeure wat onder die gesag van God verwerklik word. So sê hy dat geen wind ooit opkom of gaan lê sonder dat God dit in besonder beveel nie (*nisi speciali Dei iussu*, OS III, 197). “God gebied en verwek die geblaas van ’n storm

7 Ek meen dat Simpson se vertaling van die sinsnede *principium motus penes Deum esse* as dat die “beginsel van beweging by God is” (Calvyn 1984:1,309) vir misverstand vatbaar is. Die vertaling van Battles (1960, Inst. 1.16.5) “the beginning of motion is with God” weerspieël klaarblyklik die bedoeling van Calvyn veel beter.

en Hy hef die golwe van die see omhoog" (*in sublime attollit fluctus maris*, OS III, 197). Op verskeie plekke in sy kommentare stel Calvyn dat God die mag van water in sy hand het. Hy sien dit as een van die wonders van God dat Hy die mag van die see, asof met grense, in toom hou sodat dit nie dié deel van die aarde wat vir die mens se bewoning gegee is, oorweldig nie. Deur sy verborge krag (*arcana eius virtute*) sorg God dat die onderaardse water nie oopbreek en ons oorweldig nie, en dat die water uit die hemel nie vir dieselfde doel daarmee saamsweer nie (Komm. Gen. 7:11; OC 23,131).

Calvyn lewer op verskillende plekke kommentaar oor aardbewings waarvan die Bybel gewag maak. Soms het God dit laat gebeur as 'n teken van sy mag soos in die geval van Paulus en Silas se verlossing uit die tronk in Filippi (Komm. Hd. 16:26, CO 48,386), of wanneer Hy mense bewus wou maak van sy Goddelike krag soos by die opstanding van Jesus (Komm. Mat. 28:2; CO 45,792). In ander gevalle, soos met die geweldige aardbewing in die tyd van Ussia, koning van Juda, was dit 'n ontsagwekkende teken en voorbode (*horribile signum, vel praesagium*) van God se wraak. Hy het daarmee bedoel om 'n vreeslike ramp oor die Jode aan te kondig (Komm. Sag. 14:5; CO 44,366).

Dat sulke dinge gebeur, moet ook nie vir Christene vreemd wees nie. Deuteronomium 28 handel, trouens, van vers 15 af oor al die rampe — ook in die natuur — waarteen Moses die Israeliete gewaarsku het as hulle nie luister na die Here hulle God en nie gehoorsaam is aan al die gebooie en voorskrifte wat aan hulle voorgebou is nie. Hiervan sê Calvyn dat

> alhoewel al hierdie onheile 'n natuurlike oorsaak het, dit steeds God, die Outeur van die natuur, is wat die atmosfeer so beheer dat die nadele (*intemperies*) daarvan ongetwyfeld sy straf (*eius flagellum*) is (CO 25,32).

Psalm 105:16 sê in dieselfde trant dat God "hongersnood oor die land gebring het," so asof dit — aldus Calvyn — gereed was en net gewag het op sy bevel. Daaruit kan ons aflei dat hongersnood, pessiektes en ander oordele van God die mens nie maar per toeval tref nie, maar dat dit in gehoorsaamheid aan God deur sy hand gestuur (*Dei mani dirigi*) word waarheen dit Hom behaag (Komm. Ps. 105:16; CO 32,104).

Wat ons dus altyd in gedagte moet hou, is dat sulke gebeure soms *vir ons* toevallig kan lyk (*nobis tamen esse fortuita* en ook *omnia illic fortuita apparent*, OS III, 200), maar dat dit tog deur God beskik is (Inst. 1.16.5).

Wat Calvyn hiermee duidelik genoeg stel, is dat ons nie die fout moet maak om op grond van ons gebrekkige insig tot die gevolgtrekking te kom dat gebeure deur die toeval — en nie onder God se voorsienige bestiering nie — bepaal word.

## 4. GOD HET REDE OM RAMPE TE STUUR

Oor die vraag of rampe en teëspoed ook deur God gestuur word, laat Calvyn hom in geen onduidelike taal uit nie. Waar hy handel ook die oordeel van God oor die volke in die profesie van Jeremia, sê hy onomwonde dat daar twee dinge is wat onthou moet word:

> dat geen teëspoed per toeval kom nie, maar dat God die Outeur van al daardie dinge is wat mense as onheile sien; en dat Hy so is, omdat Hy 'n regverdige Regter is — dit is die tweede ding. God eis die beheer oor alle gebeure vir Homself op, en as hy sê dat die wêreld volgens sy wil beheer word, verklaar hy nie net dat alle mag en die opperste beheer in sy hand is nie; hy gaan verder en toon aan dat dinge wat gelukkig afloop die bewys is van sy goedheid en geregtigheid, en dat rampe die bewys is dat Hy die mens se sonde nie kan verduur nie, maar dit moet straf. Dit is presies wat die profeet wou uiteensit (Komm. Jer. 25:20; CO 38,490).

'n Interessante gesigpunt word deur Ariane Arpels-Josiah na vore gebring. Alhoewel Calvyn die voortgesette integriteit van die natuurlike wêreld aanvaar, wil hy tog nie aan die natuur 'n te groot onafhanklikheid van God toeken nie.

> This is most visible when Calvin underscores nature's need for God. Already inherently fragile at the creation, the nature of the cosmos became positively threatened with the fall. The danger of disorder, chaos, and collapse, so vivid in Calvin's view of cosmology and history, shaped his view of providence into one in which God powerfully restrains and stabilizes the created order (Arpels-Josiah 2004:149v.).

Die kosmos kan waardeer word as goeie skepping, maar tog gekwalifiseerd as voortdurend op die rand van chaos (Arpels-Josiah 2004:156). Dit is ongetwyfeld 'n juiste interpretasie van Calvyn.[8] Waar Calvyn in sy kommentaar op Genesis 3:19 oor die gevolge van die sondeval handel, sê hy inderdaad uitdruklik dat al die ongerief (*incommoda*) waarin die mens homself deur sy sonde gedompel het, nie eers genoem word nie.

8 Vergelyk byvoorbeeld Komm. Gen. 1:6; OC 23,18; Gen. 7:11; OC 23,131; Ps. 24:2; OC 21,244; Ps. 104:6; CO 32,87; Ps. 107:29; CO 32,141, ensovoorts.

Al die ontelbare manifestasies van die kwaad wat ons in die lewe ervaar, vloei voort uit dieselfde fontein.

> Die guurheid van die weer, ryp, donderweer, ontydige reën, droogte, hael en al wat in die wêreld wanordelik is, is die vrug van die sondeval ... Die hele orde van die natuur is ondergrawe deur die mens se val (Komm. Gen. 3:19; CO 23,75).

’n Belangrike implikasie hiervan is dat rampspoedige gebeure dus eintlik eie aan die natuur van dinge geword het, en dat dit juis genade van God is dat die beperking wat hy op natuurrampe plaas en die stabilisering van die geskape orde vir ons ’n wonderlike leefruimte bied ten spyte van die rampe wat ons wel ervaar.

Calvyn verwys egter ook telkemale na wat hy sien as die direkte oorsaak van allerlei rampe en ellendes wat die mensdom tref. In sy traktaat oor *Die noodsaaklikheid van kerkhervorming* wys hy onder andere op die gruwel van afgodery en hoedat die geskiedenis ons meermale vertel van die vreeslike straf waarmee God mense hieroor besoek het. Dit het nie net betrekking gehad op die bondsvolk Israel en die heidene van destyds nie, maar Hy doen vergelding hieroor in alle tye — ook nou — deur die swaard, siekte-epidemies, hongersnood en elke denkbare ramp (Calvyn 1998a:248).

Rampspoed tref dus nie net die goddelose en ander wat moedswillig in die sonde volhard nie. In sy Vierde Preek oor Pinkster sê Calvyn dat die Here se waarskuwing in Handelinge 2:18-21 ook tot ons gerig is. Ons moet nie te gerus wees en dink dat ons sal ontkom aan oorloë, hongersnode en pessiektes nie. As sulke rampe op ons pad kom, moet ons dit geduldig dra en dit nie vreemd vind nie, want die oorsaak is die ondankbaarheid wat in ons is. “Dit is soos ons die oordele (*les iugemens*) van God moet bedink” (CO 48,651).

Sy siening hieroor word verder geïllustreer in sy korrespondensie. ’n Ernstige epidemie van pes het in 1542 in Genève uitgebreek. Klaarblyklik het Calvyn ’n brief van ene Monsieur le Curé de Cernex ontvang waarin dié argumenteer dat die plaag daar sonder twyfel ’n oordeel van God is. Hierop antwoord Calvyn dan in ’n ongedateerde brief[9] dat hy daarmee saamstem en bely dat hulle regverdiglik gestraf word omrede

9 Algemeen word aanvaar dat die brief uit laat 1542 of vroeg 1543 dateer.

hulle foute en tekortkominge (*faultes et demerites*). Omdat dit sy gevoel so duidelik weerspieël, moet hy hieroor breedvoerig aangehaal word:

> Ons twyfel ook nie daaraan nie dat Hy ons hierdeur vermaan om onsself te ondersoek, en dat Hy ons so lei en trek tot boetedoening. Ons neem dus deeglik kennis van wat u gesê het, dat dit tyd is vir ons om terug te keer tot God, en om vergewende genade van Hom te vra en te verkry. Net so sien ons ook dat daar dwarsdeur die ganse Christendom groot probleme is; daar is skaars 'n enkele hoekie wat nie op een of ander manier in dié verband geraak is nie, waaruit ons moet aflei dat die toorn van God ernstig ontbrand het teen hierdie arme wêreld. Dit is ook geen wonder nie, want die oorsake is duidelik en nie ver om te soek nie, want 'n mens sien dat die verderf (*corruption*) oral die oorhand kry en ook hoe elke soort kwaad tot die uiterste vlak gevoer word (*et comme les vices regnent en extremite*) en alles oorheers. Ons sê dit nie om onsself te verontskuldig deur as't ware in die skare te verdwyn nie, maar eerder omdat die toorn van God nog verskrikliker in ons waarneming daarvan is as dit byna soos 'n vloedgolf oor die hele wêreld versprei (CO 11,483).

Calvyn maak ook 'n algemene toepassing uit Paulus se vermaning aan die Korintiërs in verband met 'n ongepaste deelname aan die nagmaal ("Daarom is daar baie swakkes en siekes onder julle en sterf daar baie van julle" — 1 Kor. 11:30). Deur siekte-epidemies en ander kastydings van God word ons vermaan om oor ons sondes na te dink, want God teister (*affligit*) ons nie sonder goeie rede nie. Hy skep, trouens geen behae in ons kwellinge nie.

> En tog wonder ons hoe dit gebeur dat daar soveel oorloë, soveel pessiektes, soveel misoeste, soveel rampe en soveel ellendes is. Asof die oorsaak nie duidelik is nie! Ons moet ook nie 'n einde aan ons ellendes verwag voordat ons die oorsake daarvan verwyder het deur ons gebreke (*vitia nostra*) reg te stel nie (Komm. 1 Kor. 11:30; CO 49,494).

Calvyn laat hom ook uit oor die beskuldiging wat soms teen die Christendom gerig word dat die evangelie die oorsaak is van al die kwaad en rampe wat die mensdom tref. En ja, sê hy in 'n brief aan die Protektor Somerset (22 Oktober 1548), die geskiedenis leer ons inderdaad dat kort nadat die Christelike godsdiens oraloor wyd versprei is, was daar so te sê nie 'n hoekie van die aarde wat nie verskriklik geteister is nie. Oorlog het soos 'n veldbrand in alle lande versprei. Soms was daar oorstromings en dan weer hongersnood en pes. Burgerlike oproer was aan die orde van die dag. Almal sug nou al onder hierdie las.

> As ons dan die slag voel, behoort ons op te kyk na die hand van Hom wat geslaan het, en nadink oor waarom die hou uitgedeel is.

Die rede waarom ons die roede moes voel, is voor die hand liggend. Omdat ons nie genoeg waarde heg aan die Woord wat tot verlossing aan ons gegee is nie, het God alle rede om Hom op ons ondankbaarheid te wreek. Juis omdat ons die Woord ken en dit oor en oor gehoor het, moet dit nie vir ons vreemd wees as sy toorn teen ons ernstiger is as teenoor ander nie. Ons het immers geen verskoning nie (CO 13,77v.v.).

'n Interessante opmerking van Calvyn gaan oor 'n algemene aanvoeling van alle mense oor die oorsaak van rampe. Hierbo is, trouens, reeds verwys na die Institusie waar hy sê dat daar in elke mens van nature iets deurskemer van hoe God volledig gesag voer oor die ganse kosmos. In sy kommentaar op Handelinge kom hy hierop terug en betrek dit dan ook op rampspoed wat die gevolg van sonde is:

> Met die oogmerk om die wêreld sonder verskoning te stel, wou God hê dat dit diep by almal ingewortel moes wees dat rampe en teëspoed — en dan veral dinge wat duidelik-waarneembare verwoesting inhou — bewyse en tekens van sy toorn en regverdige oordeel oor sonde is. Ons moet dus telkens as ons aan 'n kennelike ramp dink, ook onthou dat God diep gekrenk is en daarom so swaar straf. Goddeloosheid het nog nooit tot so 'n mate die oorhand gekry dat die mensdom die beginsel verloor het dat God die goddelose duidelik straf sodat Hy Homself kan betoon as Regter van die wêreld … En al is dit so dat God altyd die mens se sondes met teëspoed straf, straf Hy tog ook weer nie elkeen volgens sy verdienste in hierdie lewe nie; soms is die straf van die gelowiges ook nie soseer straf nie, maar eerder 'n beproewing van hulle geloof en 'n toets van hulle godsvrug (Komm. Hand. 28:4; CO 48,560).

## 5. RAMPSPOED MET DIE OOGMERK VAN BEROU EN BEKERING

Calvyn se siening dat God mense tot inkeer wil bring deur hulle met rampe en ellendes te teister, blyk duidelik uit sy *Gebed vir die oggenddiens op die dag van die Here*:

> Verder, o Gewer van alle vertroosting, dra ons aan U op al u kinders wat U op verskillende maniere straf: die wat geteister word deur siekte-epidemies, hongersnood of oorlog; en ook enkelinge wat onder armoede, gevangenskap of siekte of ballingskap of ander liggaamlike of geestelike lyding gebuk gaan; dat hulle vervul mag wees met die aanvoeling van U vaderlike liefde, terwyl hulle wyslik daaraan dink dat

> die doel wat U in die oog het, is om hulle deur u roede tot die regte weg terug te bring; dat hulle met 'n opregte hart berou sal toon en hulle met hulle hele gemoed tot U sal keer, en daardeur volle vertroosting sal ontvang en van al hulle ongeregtighede verlos sal word (CO 6,177).

Daar is meer as een manier waarop die Here mense tot besinning wil beweeg. Verskillende vorms van rampspoed waardeur die samelewing getref word, mag juis dít as oogmerk hê. So skryf Calvyn op 15 Oktober 1541 'n brief aan sy vriend Bucer in Straatsburg oor die pessiekte wat daar uitgebreek en geweldig vinnig versprei het. Hy is bekommerd oor Bucer se veiligheid en weet nie wat om eintlik te dink nie, behalwe dat "God met die magtige arm van sy krag teen ons hardnekkigheid (*pertinacia*) stry" omdat ons erger as onnosel en ongevoelig bly te midde van soveel tugtiginge onder die roede waarmee Hy ons wil verbeter (CO 11,299).

Hy verwys ook by geleentheid spesifiek na die effek wat 'n skrikwekkende natuurverskynsel op mense behoort te hê. Na aanleiding van Jesaja 2:21 ("As die Here die aarde begin skud, sal hulle die rotsholtes en die klipskeure invlug...") oordeel Calvyn dat sulke tekens nodig is om die mens tot besinning te bring. "Want wat is so moeilik as om mense 'n ware vrees van God op die hart te bind?" Dit is veral nodig dat so 'n oordeel van God met erns voor die skynheiliges gestel word (*Comm ad loc.*; CO 36,76). Mense is dikwels geneig om rampspoed van enige aard bloot te sien as 'n veroordelende bestraffing van God. Calvyn wil daarin eerder ook 'n genadige handeling sien.

In 'n preek oor Job 33:29 en 30 ("Dit alles doen God met die mens self meer as een keer. So keer God die mens weg van die graf af en laat Hy hom weer lewe") sê Calvyn:

> Ons het gesien hoe God vir ons welstand voorsiening maak. Ons is ellendige skepsels, maar ons moet sien dat Hy van sy kant af ons oortredinge weer reg maak, anders sou daar geen hoop vir ons gewees het nie. Ons sou totaal verlore en hopeloos gewees het as God nie medelye met ons gehad het nie. En die middel waardeur Hy dit doen, is aan ons duidelik gemaak: Hy leer ons om sy genade te ontvang, soms deur die bestraffinge wat Hy ons gee, en soms deur beproewinge of deur harde slae met sy roede. En as Hy sien dat ons nie wil ag gee nie, slaan Hy harder sodat ons verplig is om na Hom te kom omdat ons dit nie langer kan uithou nie. Dan vertroos Hy ons op sy wyse wanneer ons na Hom toe kom, Hom aanroep en sy guns ervaar. ... As God sien dat ons nie leer nie, hou Hy aan om ons te kasty, sodat

> Hy ons na Hom toe kan trek deur ons te verneder en dan weer te troos. As God dit net een keer gedoen het, sou ons dit vergeet het en na ons eie natuur teruggekeer het en sou ons nie die krag gehad het om te wandel soos ons dit behoort te doen nie (CO 35,115).

Hy wil dus hiermee nogmaals benadruk dat God ons nie verniet laat swaarkry nie. Ons moet sy oordele sien as 'n middel waardeur Hy ons tot groter gehoorsaamheid wil bring. En selfs as dit by herhaling gebeur, is dit nodig omdat ons sondige natuur telkens weer na vore kom.

## 6. WAT DIE GELOWIGE TE DOEN STAAN IN TYE VAN RAMPE

Calvyn wil nie sien dat 'n gelowige "tot misnoeë van God oor sy lot (*de sua sorte*) kla nie, wat ookal met hom gebeur" (OS IV, 160). Onder die dinge waardeur 'n mens soms geteister kan word, noem hy ook natuurrampe: ryp of hael wat ons jaar se verwagting verteer.

> Ofskoon hy sien dat hongersnood dreig omdat sy gesaaides deur ryp verdor is, of deur koue verteer of deur hael platgeslaan is, sal sy gemoed nogtans nie wanhoop en God se misnoeë verwek nie, maar hy sal in hierdie vertroue volhard: "ons is nogtans onder beskerming van die Here en ons is sy skape wat in sy weiding gevoed is" (Ps. 79:13) (OS IV, 160).

Calvyn het sy medegelowiges opgeroep tot gebed en vas in tye van beproewing en rampe.

> As pes of hongersnood, of oorlog begin hoogty vier, of as die een of ander ramp (*siqua clades*) lyk asof dit 'n landstreek en 'n volk bedreig, is dit aan die ander kant ook die herders se plig om die kerk aan te spoor om te vas en smekend die toorn van die Here af te bid (Inst. 4.12.17; OS V, 226).

Hy sien vas as 'n heilige oefening om mense sowel ootmoedig te maak as om hulle ootmoed te bely wat in 'n noodtoestand tans niks minder toepaslik is as wat dit in Ou-Testamentiese tye die geval met die "Israelitiese kerk" was nie (Inst. 4.12.17; OS V, 227).

Wat dus essensieel in die mens se toenadering tot God onder sulke omstandighede is, is ootmoed en hartgrondige belydenis.

> Dit sal trouens soms gebeur dat God 'n volk met oorlog of pes of die een of ander ramp (*calamitate aliqua*) tref. In hierdie algemene straf moet die hele volk homself aankla en sy skuld bely (Inst. 4.12.15; OS V, 225).

In die brief aan Bucer (15 Oktober 1541) waarna hierbo verwys is, sê Calvyn dat daar by so 'n toestand van pessiekte (waaroor die mens nie beheer het nie) maar net een opsie oorbly, naamlik om ons toevlug te neem tot gebed waarin ons voor God kom met berou en sondebelydenis — iets waarin ons maar al te agtelosig is (CO 11,297).

Calvyn onderskei tussen 'n algemene en 'n persoonlike belydenis. Wat hier veral toepaslik is, is eersgenoemde, waarvan hy sê

> Wanneer ons dus deur pes, oorlog of onvrugbaarheid of enige ander ramp (*vel alia qualibet calamitate*) getref word en dit ons verplig om daaroor te treur, te vas of ons toevlug tot ander tekens van ons skuld te neem, moet ons juis dit waarvan al die ander dinge afhang nie verwaarloos nie (Inst. 3.4.11; OS IV, 98).

## 7. ONS MOET BLY HOOP, VERTROU

Dit is merkwaardig hoe verantwoordelik Calvyn die voorsienigheid van God tot toepassing bring waar hy handel met mense wat vertroosting nodig het. Hy wou graag hoop en vertroosting aan mense oordra deur nadruk te lê op die voorsienige hand van God oor hulle lewens. Verwysing na die voorsienigheid van God kry in sy briewe as't ware 'n terapeutiese oogmerk. Daarmee wou hy juis wegbreek van die tipies Middeleeuse idee van 'n blinde noodlot, wat hy vanselfsprekend onomwonde verwerp het (Potgieter 1991:93v.).

So skryf hy onder andere dat aanvaarding en berusting in die voorsienigheid van God behoort by die diens van die Here; dit moet selfs die geval wees as ons nog nie die laste wat ons kwel, verstaan nie (CO 20, epist. 3947).

Daar is reeds aangedui dat — net soos alle voorspoed voortvloei uit sy goedheid — teëspoed die roede is waarmee Hy ons sondes regstel of ons geloof en geduld op die proef stel (Komm. Gen. 32:24; CO 23,442). In sy kommentaar op Lukas 21:8 waar onder meer ook na aardbewings verwys word, sê Calvyn dat gelowiges moet weet dat daar soms 'n langdurige oefening in geduld sal wees (CO 45,652). In die Institusie sê hy ook êrens dat God dikwels die wat aan Hom behoort op die proef stel met ruwe toetse (*asperis documentis*) — net asof Hý hulle geloof doelbewus wil uitdoof (Inst. 3.20.16; OS IV, 321). Al noem hy dit daar in 'n ander konteks, bly dieselfde beginsel van krag.

In sy preke oor die boek Job lê Calvyn nie net nadruk op die kwalitatiewe van God se gawes nie, maar ook op die kwantitatiewe. Hy gebruik telkens woorde soos *bereken* (*il est vray que quand nous aurons conte*, CO 33-35, sermon x) of *tel (qu'il n'y a ne nombre ne mesure*, CO 33-35, sermon x) in die verband. Daarmee wil hy sê dat die weldade van God altyd meer is as die teëspoed wat ons ervaar.

> God doen soveel goed aan ons; sal ons dan nie die slegte ook van Hom aanneem wanneer Hy dit so wil nie… Die genade van God is ontelbaar en onbegryplik. Waarom sal ons dan nie ook die teenspoed aanneem wat Hy oor ons beskik nie? En selfs as die aanvegtinge veel meer word, gaan sy weldade nog ver uit bo die teenspoed wat ons uit sy hand moet ly (Preek Job 2:10; CO 33,115vv.).

Calvyn se pastorale hart blyk nie net uit sy briewe en preke nie, maar ook uit sy kommentare wat per slot van rekening gerig was op die gewone kerkvolk wat hulle deel aan swaarkry en teëspoed geken het. Daarom vind hy ook 'n besondere trooswoord in 2 Korintiërs 4:11: "Voortdurend word ons wat lewe, ter wille van Jesus uitgelewer aan die dood, sodat ook in ons sterflike bestaan die lewe van Jesus sigbaar kan word."

Hy sê dat ons hierin die beste teenmiddel vir rampspoed het, naamlik

> dat net soos ons weet dat Christus se dood die poort tot die lewe is, weet ons ook dat 'n geseënde opstanding vir ons die einde van alle verdriet sal wees, want Christus het Hom met ons geassosieer onder die voorwaarde dat ons deelgenote van sy lewe sal wees as ons bereid is om in hierdie wêreld met Hom te sterwe (Komm. 2 Kor. 4:11: CO 50,55).

Dit is trouens 'n egte en onbetwyfelbare bewys van ons geloof wanneer ons ten spyte van teëspoed wat ons tref, nogtans volhard in die koestering van hoop op God (Komm. Ps. 7:4; CO 31,80).

Omdat dit vir 'n mens besonder moeilik is om onder die aanslae van teëspoed standvastig en kalm in die ware geloof te volhard, moet ons noukeurig let op die heiliges van vroeër wat selfs onder die uiterste nood van allerlei rampe nogtans nie hulle vertroue op die ware God prysgegee het nie (Komm. Ps. 44:19; CO 31,444).

# 8. GOD SE VERBORGE PLAN

Daar word meermale bespiegel oor die vraag na Calvyn se ontsluiting van die dilemma wat ontstaan wanneer hy letterlik alles wat in die geskiedenis gebeur onder die beskikking van God plaas. Enersyds is daar die probleem dat ons dikwels nie die geregtigheid en liefde van God kan versoen met rampspoedige gebeurtenisse en die lyding en smart wat dit vir mense — ja, ook vir diep gelowige mense — meebring nie. Andersyds is daar ook die vraag na die oënskynlik-noodwendige konsekwensie van Calvyn se siening, naamlik dat God die oorsaak van rampe en die kwaad in geheel moet wees.

Die sleutel tot oplossing van sulke probleme word soms deur teoloë gesoek in die rigting van Calvyn se hantering van die verborge Raad van God. Dit is inderdaad opvallend dat Calvyn telkens die Latynse byvoeglike naamwoord *arcanus* verbind aan God se voorsienigheidshandelinge.[10] Hy handhaaf steeds die siening van 'n bepaalde verborgenheid in God se bestiering. Ons word só deur die verborge raadsplan van God (*arcano Dei consilio*) geregeer dat niks sonder sy medewete en sy wil met ons kan gebeur nie (Inst. 1.16.3; OS III, 192).)

> Die merkwaardige wyse waarop God die wêreld bestier, word tereg 'n afgrond (*abyssus*) genoem omdat ons dit eerbiedig moet respekteer, terwyl dit vir ons verborge is (*dum nos latet*) (Inst. I.17.2; OS III,204).

Calvyn het klaarblyklik self ook geworstel met die konsekwensie van sy standpunt dat letterlik alles onder die beskikking van God val. Is God dan self verantwoordelik vir die kwaad en vir rampspoed? Dit het teoloë soms laat vra of hy nie 'n al te maklike oplossing vind in die "verborge wil" van God nie. Dowey sien onder meer sy voorsienigheidsleer as "permeated in an almost uncanny manner with the immediate presence of a mysterious will" (Dowey 1947:7). Berkhof praat selfs van 'n "vlucht in de onbegrijpelijkheid van God" (Berkhof 1973:229).

König staan ook sterk krities hieroor:

> As Calvyn nie kan begryp hoe God alles (dus ook rampe, PCP) in besonderhede kan voorbeskik maar tog nie daarvoor verantwoordelik is nie, beroep hy hom op die verborgenheid van God se Raad ... Uiteindelik lyk dit dan of die verborge Raad van God belangriker is as sy openbaring! (König 2001:197; vgl. ook König 2002:70).

10 Vergelyk Potgieter (2002:101vv.)

Hierdie argument van König staan egter nie sterk nie. Daar is trouens geen rede waarom God se openbaring aan die mens voorrang moet kry bo dit wat Hy nie openbaar nie. Calvyn sê immers uitdruklik dat ons daaroor moet nadink dat die lig wat God bewoon, nie sonder rede ontoeganklik genoem word nie (Inst. 1.18.3). So lank as ons nog in die liggaam leef, sal ons nooit die diepste geheimenisse van God kan ken nie (Komm. 1 Tim. 6:16; CO 52,332). Hy sê ook dat daar in die boek Job 'n onderskeiding gemaak word waarvan terdeë kennis geneem moet word, naamlik tussen die ondeurgrondelike wysheid van God wat vir die mens verbode terrein is, en die wysheid wat in die wet aan ons gegee word. Ons behoort te onderskei tussen die diepsinnige en bewonderenswaardige geregtigheid (van God), wat nie deur die menslike intellek omvat kan word nie, en die reg wat in die wet voorgeskryf word vir die reëling van die mens se lewe (Calvyn 1998:56).

Dit sou inderdaad nie verkeerd wees nie om te sê dat daar enersyds in die handelinge van God 'n geopenbaarde geregtigheid is, maar andersyds ook 'n verborge geregtigheid. Ons moet aanvaar dat ons laasgenoemde met ons insig nooit kan verstaan nie (vgl. J. Bohatec 1936:146-7). Met verwysing na Calvyn se preke oor die boek Job, stel Schreiner dit trouens ook as sy oortuiging dat die hervormer se siening gekenmerk word deur 'n herhalende spanning tussen Goddelike openbaring en Goddelike verborgenheid (Schreiner 1994:94).

In 'n preek oor Job 31:1-4 bevestig Calvyn nogmaals twee dinge wat hy meermale gestel het. Die eerste is die verborgenheid in die handelinge van God wat vir ons insig en verstand te diep is. Die tweede is ons eie verantwoordelikheid wat in ons optrede nie los staan van God se voorsienigheid nie.

> Wat Job dus hier doen, is om te verklaar dat hy God gelowig gedien het en dat sy ervaring van sulke vreeslike en geweldige ellendes nie die gevolg is van kwaad wat hy gedoen het nie, maar van een of ander geheime rede wat aan God bekend is, wat die mens nie kan ken of onderskei nie (Preek oor Job 31:1-4; CO 34,623).

Onder geen omstandighede mag die verborge voorsienigheid van God as determinisme gesien word nie. Calvyn beklemtoon die mens se eie verantwoordelikheid oor en oor. Die gelowige mag en kan en moet sy vertroue in die God van die voorsienigheid stel (Potgieter 1998:48).

# 9. GEVOLGTREKKING

Johannes Calvyn se uitsprake oor die voorsienigheid van God en by name oor die verband tussen die verdorwenheid van die mens en natuurrampe sou nie maklik die toets van die huidige populêre mening — destyds en nou — deurstaan nie. Maar die siening van die meerderheid was vir hom ook nooit die norm nie. Die *sola Scriptura*-stelreël van die reformasie was vir hom deurslaggewend. Omdat versoening tussen dié benadering en menslike logika egter besonder problematies is, het belydenis op grond van die Skrifopenbaring vir hom uitgestyg bo menslike verstaan. Dit sal ook nie maklik wees om te bewys dat Calvyn se hermeneutiek bedenklik was nie. Wie die hervormer van Genève dus kritiseer oor sy voorsienigheidsleer, mag homself geredelik op die weg van Skrifkritiek bevind.

Wat hierdie artikel veral uitwys, is dat God se voorsienigheid 'n grondmotief vir die verloop van die geskiedenis is. Ingrypende natuurgebeure was vir Calvyn nie net 'n teken van God se (al)mag is nie, maar in die geval van rampspoed ook van sy oordeel oor die kwaad. Vir hom moet die oorsaak van alle rampspoed juis gesoek word in hierdie oordeel van God oor die sonde en in die eerste instansie oor die sondeval — "die hele orde van die natuur is ondergrawe deur die mens se val" (Komm. Gen. 3:19; CO 23,75). Hy erken wel dat rampgebeure 'n natuurlike oorsaak kan hê, maar ook dit val nie buite die bestiering van God nie. Selfs as Hy iets toelaat, bly dit 'n bewuste handeling van God. Alhoewel Calvyn nooit in tegniese sin 'n teodisee ontwikkel nie, kan hy tog sekere redes vir die "vreemde" handelinge van God aandui. Dit kan 'n middel wees om ons tot ootmoed en gehoorsaamheid te beweeg, en veral om ons deur beproewing na Hom terug te bring (Potgieter 1998:49).

Alles gebeur onder die beskikking van God — ook daar waar Hy in reg en geregtigheid met oordeel tref. Die oordeel word egter steeds getemper deur sy genadige weerhouding van soveel erger rampe. Sy weldade oortref die teëspoed, trouens, by verre.

Enersyds volg rampspoed dus op die sondeval, maar andersyds ook op die voortgaande goddeloosheid en sonde van die mensdom; dan egter ook telkens as genadige teken wat roep tot bekering. Daar behoort dus verootmoediging te volg op al die manifestasies van natuurlike rampe,

wat nie net in ernstige gebed tot God tot uiting moet kom nie, maar selfs ook in vas as oefening in ootmoed.

In sy pastorale empatie met die wat onder rampspoed ly, kom die Christologiese perspektief van Calvyn se teologie telkens na vore. Omdat ons gebind is aan Christus wat self bittere lyding geken het, moet ons ootmoed ook met geduld en volharding gepaard gaan in die hoop op die trou van die God.

By dit alles moet ons egter weet dat daar in God se voorsienigheid ook 'n verborgenheid is wat vir ons menslike insig heeltemal ontoeganklik is. Wat ons nie kan verstaan nie, kan ons egter tog op grond van wat wel aan ons geopenbaar is, tot belydenis van God se liefde en geregtigheid bring. Dit is bloot die mens se gebrekkige insig wat daartoe lei dat bepaalde gebeure eerder gesien wil word as buite God se bestiering.

Tekenend van Calvyn se siening is sy gebed na sy verklaring van Daniël 8:22-25 (Calvyn 1998c:488):

> Gee tog, Almagtige God — omdat u kerk deur die eeue heen op verskillende maniere geoefen is deur die kruis en deur aanhoudende swaarkry — (gee tog) dat ons onsself mag voorberei om te deurstaan wat U ookal op ons mag lê. Mag ons leer om ons sondes te beskou as die oorsaak van watter teëspoed ons ookal tref; mag ons daaraan dink dat U nie net getrou is in al u beloftes nie, maar ook 'n Vader — goedgesind teenoor die ellendiges wat smekend vir vergifnis hulle toevlug tot U neem. Mag ons — wanneer ons verootmoedig is onder U magtige hand — weer opgerig word deur die hoop op ewige heil wat vir ons berei is. Mag ons dan so uitsien na 'n gelukkige en blymoedige einde van ons stryd, totdat ons in u hemelse koninkryk die vrug geniet van ons oorwinning, want dit is vir ons verkry deur die bloed van u eniggebore Seun. Amen.

# BIBLIOGRAFIE

ARIANE ARPELS-JOSIAH
2004. Nature and human nature in Calvin's theology: a prophetic voice for environmental ethics. *Koinonia* XVI:140–60.

BERKHOF H
1973. *Christelijk geloof*. Nijkerk: Callenbach.

BOHATEC J
1936. Gott und die Geschichte nach Calvin. *Philosophia Reformata* 1:146-147.

CALVIN J
1998a. The necessity of reforming the church. In: *Books for the Ages, Selected works of John Calvin*, version 1.0. Albany: Ages Software.
1998b. Secret providence. In: *Books for the Ages, Selected works of John Calvin*, version 1.0 Albany: Ages Software.
1998c. Commentary on the Prophet Daniel. In: *Books for the Ages, Selected works of John Calvin*, version 1.0. Albany: Ages Software.
1925ff. *Ioannis Calvini Opera Selecta*, ed. P Barth *et al*. (Munich: Kaiser).
*Ioannis Calvini opera quae supersunt omnia*, ed. G. Braun, E. Cunitz en E. Reuss (Braunschweig 1863-1900) (= CR 29-87).
1988. *Institusie van die Christelike godsdiens 1559*. (Vertaal deur H.W. Simpson.) Potchefstroom: CJBF.
s.a. *The comprehensive John Calvin collection 2.0*. Rio WI: The Ages Digital Library Series.

CO. VIDE CALVYN J. *IOANNIS CALVINI OPERA QUAE SUPERSUNT OMNIA.*

CORPUS REFORMATORUM
Halle, Braunschweig, Berlin, Zurich, 1834-

CR. VIDE CORPUS REFORMATORUM.

DOWEY E A
1947. *The knowledge of God in Calvin's theology*. New York: Columbia.

FARLEY B W
1988. *The providence of God*. Grand Rapids: Baker.

KÖNIG A
2001. *Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra*. Wellington: Lux Verbi BM.
2002. *God, waarom lyk die wêreld so?* Wellington: Lux Verbi. BM.

OS VIDE CALVYN J *IOANNIS CALVINI OPERA SELECTA*

PARKER T H L
1995. *Calvin: an introduction to his thought*. Louisville: Westminster/John Knox Press.

POTGIETER P C

1991. The providence of God in Calvin's correspondence. In: W. van't Spijker (Hrsg.), *Calvin — Erbe und Auftrag* (Kampen: Kok), pp. 85-94.

1998. Perspectives on the doctrine of providence in some of Calvin's sermons on Job. *HTS* 54(1&2):36-49.

2002. Calvyn oor God se gebruik van middele in sy voorsienigheidshandelinge. *Acta Theologica* 22(2):101-113.

REUTER K

1963. *Das Grundverständnis der Theologie Calvins*. Neukirchener Verlag des Erziehungsvereins.

SAXER E

1980. *Vorsehung und Verheissung Gottes*. Zürich: Theologischer Verlag.

SCHREINER S E

1986. "Through a mirror dimly": Calvin's sermons on Job. *Calvin Theological Journal* 21(2):175-193.

1994. *Where shall wisdom be found? Calvin's exegesis of Job from medieval and modern perspectives*. Chicago: University of Chicago Press.

STAUFFER R

1978. *Dieu, la création et la Providence dans la prédication de Calvin*. Bern: Peter Lang. Basler und Berner Studien zur historischen und systematischen Theologie.

VAN GENDEREN J & VELEMA W H

1992. *Beknopte Gereformeerde Dogmatiek*. Kampen: Kok.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Calvyn | Calvin |
| Voorsienigheid | Providence |
| Teodisee | Theodicy |
| Natuurramp | Natural disaster |